# Deel 29 - 19 Oktober 2022 - Profetiese betekenis van die opwekking van die weduwee se seun

NAG VAN SMARTE gedikteer aan Nalize Roets op 22/2/2008
Hoofstuk 4

Met moeite sal die vyand voortbeur as elke opregte die stryd aanpak in Gees. Met roepe na die Heilige daardie nag, sal boses maar eers voor die deur moet wag.

Skokkend, sal hul belewenis wees as hul voor My te staan kom by 'n vreeslose gees. Ek dra 'n vurige skild as leier en sal oorwinningskrete deur die lug laat beier. Het jy reeds jou wapenrusting aan, want waarmee anders maak Ek jou vrees ongedaan?

Liefde sal jou kopskild heet, as jy vertroos is om in My spoor te leef. Ek bring 'n sonskyn-lig oor al dié wat in My spore leef. Ek dra hul op die hande en breek die dood se bande, want onvergeetlik sal dit wees vir almal wat dié tyd oorleef. 'n Hedendaagse wonder, bewys My liefde – so besonder – **aan elke kind van Immanuel, die bruid waarmee Ek kom trou**.

Te lank het jul alleen gestaan, onbekeerd en weg van My baan. My hartseer was onbeperk, **omdat niemand NET vir My wou werk.** Ek staan nou met knegte aan My sy wat saam met My en vir My ook wil ly. Dit is die weg tot die nuwe ryk, want Satan word net oorwin met 'n merkwaardige stryd, Ek sal Myne nou by die hand hou, nooit sal hulle ervaar – die Winterkou'(e).

Bring al jou eie na My, dan klop Ek self aan hulle deur. Niemand wat Liefde as wet geskryf het op die hart, kan My sagte kyk afwys. Niks is jou eie voor My, want vir alles aan jou geleen, het Ek gely. Bring dit weer voor My aangesig en vra My om dit met My krag te verlig – dan sal dit jou tot seën strek, wanneer jy nie meer self die sware juk wil trek.

**Dra My liefdeswet voor op jou hart,** sodat elke Bose gees die pad kan vat, as Hy aanskou **hoe Ek myne met Lig omvou.** Ek leer jou graag nuwe dinge, wysheid wat jou deeglik versterk, want jy sal net vir My kan werk in die tyd wat kom. Die aarde sal verheug weer vrugte dra as Boere-bloed die ploegskaar dra. Ek sal die aarde en handewerk seën en **op die regte tyd laat reën**.

Die storm en geloofstryd sal daarná kom en elkeen sal planete en aarde hoor grom. Die einde sal vir almal ongesteld wees, **want die oorlog sal wees tussen geeste en Gees.** Ek het jul reeds by die hand gevat. Sweer af die geheul met die vyand wat lag. Jy staan op die drumpel van iets baie groot wat jou kan kos – die ewige dood. Trek aan die skoene van bereidheid gebied, en word in lengte van dae nooit weer deur die vyand geskiet met begeertes wat alle energie wegstroop, dat jy moet bly wees vir aardse nood. Ek dra die mandjie met manna in My hand en dis gratis vir elkeen wat die wêreld verpand.

Wees bly in My versoening vir jou en soek My in elke druppel van dou. Weerkaats die reddende Regter-hand, **sodat Hy jou lei na die Nuwe Land**. Amen.

Die weduwee van Sarfat/ Dogter van Sion aan die eindtyd

**Lukas 4:25** Maar Ek sê vir julle met Waarheid, daar was **baie weduwees in JisraEl** in die dae van EliJaHûW toe die Hemele toegesluit was drie jaar en ses maande lank, toe daar 'n groot hongersnood gekom het in die hele Aarde, [1 Konings 17:1] **26** en na nie een van hulle is EliJaHûW gestuur nie, **behalwe na Sarfat in Sidon**, **na 'n weduwee**.

1Konings 17

**9** Maak jou klaar, gaan na **Sarfat** (suiwering) wat by **Sidon** (waar visse gevang word) is, en bly daar; kyk, daar het Ek aan 'n **weduwee bevel gegee om jou te onderhou**. 10 Daarop het hy hom gereed gemaak en na Sarfat gegaan; en toe hy by die ingang van die stad kom, was 'n weduwee juis besig om daar **houtjies** bymekaar te maak. En hy roep haar en sê: Gaan haal tog vir my 'n bietjie water in die kan, dat ek kan drink. 11 Terwyl sy loop om dit te gaan haal, roep hy na haar en sê: Bring tog vir my 'n **stukkie brood** saam. 12 Maar sy antwoord: So waar as JaHWeH, u Elohey leef, ek het nie 'n broodkoek nie, net maar 'n handpalm gevul met **meel in die pot en 'n bietjie olie in die kruik**; en hier maak ek nou 'n paar houtjies bymekaar; dan gaan ek en maak dit vir my en my seun klaar, **dat ons dit kan eet en sterwe.**

13 En EliJaHûW sê vir haar: Wees nie bevrees nie, gaan heen, doen volgens jou woord; maar maak eers daarvan **vir my 'n broodkoekie en bring dit uit vir my;** daarna kan jy vir jóu en jou seun iets klaarmaak.

14 Want so sê JaHWeH, die Elohey van JisraEl: **Die meel in die pot sal nie opraak en die olie in die kruik sal nie minder word nie, tot op die dag dat JaHWeH reën op die aangesig van die Adamah[adamiet se Aarde] sal gee.**

15 En sy het gegaan en gehandel volgens die woord van EliJaHûW; en sy het geëet - sy en hy en haar gesin dae lank: 16 die meel in die pot het nie opgeraak en die olie in die kruik nie minder geword nie, volgens die Woord van JaHWeH wat Hy deur die diens van EliJaHûW gespreek het.

**17** Ná hierdie dinge het die seun van die vrou, die eienares van die huis, siek geword; **en sy siekte was baie ernstig, totdat daar geen asem meer in hom oorgebly het nie**. **19** Maar hy antwoord haar: **Gee jou seun vir my.** En hy het hom van haar skoot af geneem en hom **opgedra na die bo-kamer** waar hy self gewoon het, en hom op sy bed neergelê; **20** en hy het JaHWeH aangeroep en gesê: JaHWeH my Elohey, het U selfs oor die weduwee by wie ek as vreemdeling vertoef, 'n straf gebring deur haar seun te laat sterwe? **21 Daarop het hy hom drie maal uitgestrek oor die kind** en JaHWeH aangeroep en gesê: JaHWeH my Elohey, laat die siel van hierdie kind tog in hom terugkeer. **22** En JaHWeH het EliJaHûW verhoor; en **die siel van die kind het in hom teruggekeer, sodat hy weer lewendig geword het.**